

# DOMUS DEI

## BOUPROJEK 2024 | 2025

www.domusdei.co.za

# Gemeente **VISIE**

Ons is 'n geestelike tuiste, waarin ons in liefde en begrip na mekaar en die wêreld rondom ons omsien sodat ons 'n baken van geloof, hoop en liefde vir die wêreld is.











# Inleiding

Na meer as 60 jaar, waartydens die Here die Domus Dei Gemeente op 'n besondere wyse geseën het, het die Here die Gemeente geroep om op 'n hernude wyse Sy genade en hoop aan die Randburg gemeenskap te verkondig en uit te leef. Dit het die Gemeenteraad genoodsaak om opnuut die geboue kompleks te beoordeel vir die doelmatigheid om die visie uit te leef in 'n moderne era. Hierdie behoefte en die noodsaaklikheid vir substansiële onderhoud wat agterweë geraak het gedurende die Covid-periode en ook tye van moeilike finansiële omstandighede het nou gelei tot die Domus Dei bouprojek. Die huidige beramings dui op n investering van bykans R7 miljoen.

Die projek word aangepak in 3 fases waarvan die eerste een in Oktober 2024 sal begin en die laaste een in middel / einde 2025. Vordering sal afhang van beskikbare fondse.

# Kort Geskiedenis

Die gemeente is gestig in 1963 met die eerste leraar ds AWL Small. Die kerkgebou word ingewy op 10 Junie 1967. Die gemeente groei vinnig met 'n aktiewe vroue hulpdiens, kerk-jeugvereniging, kindersendingkrans en groot katkisasie klasse. Die tydperk 1980 tot 1991 sien die belydende lidmaat getalle stabiliseer rondom 900 en dooplidmate (kinders) rondom 300. Die gemeente is betrokke by verskeie uitreik aksies o.a. 'n vooghuis by Abraham Kriel, ondersteuning van MES, voortgesette ondersteuning by Ekklesiapark en 'n werkersklas vir huishulpe. Gedurende hierdie tydperk is daar 6 aktiewe jeugaksies. Ds Piet van der Merwe tree in 1991 na 11 jaar af.

Die leraars ds Chris du Preez en ds Henning Jacobs bedien die gemeente van 1991-2001. Beleidende lidmaatgetal daal na ongeveer 640 en dooplidmaatgetalle daal verder na 220. Die daling is as gevolg van baie faktore, die belangrikste is egter die demografiese verskuiwing onder Afrikaners in die land en meer spesifiek in die gemeente se voedingsarea. Lidmate word ouer en verhuis, kinders verlaat die huis, nuwe gesinne is kleiner en emigrasie neem toe. Verdere faktore is die groei van onafhanklike kerke en die afskaffing van geografiese beperkings op lidmaatskap. Die krimpende getalle het 'n invloed op die gemeente se finansies en aktiwiteite, maar betrokkenheid by Ekklasiapark en hulp aan ons sendelinge gaan voort.

Ds Chris du Preez aanvaar in 2002 'n beroep na die Weltevreden gemeente. Met ds Henning as enigste leraar, vestig die kleingroepe goed, groei hul aanvanklik sterk en blywende verhoudings tussen groepslede word gevestig. Die bediening van wyke het egter gemengde sukses. Kleingroepe

verdeel en vermeerder nie soos in die vooruitsig gestel nie en wyksbediening ondervind toenemend probleme met beskikbaarheid van gewillige wyksleiers.

Vanaf 2002 skakel die gemeente in by die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes, steeds op soek na 'n duidelike roeping. 'n Proses van luister na gemeentelede, en die gemeenskap en biddend na die Woord – veral deur te Wandel in die Woord en Lukas 10:1-16 te volg. Die gemeente kom tot die gevolgtrekking dat God ons roep om te fokus op die uitreik na en die verkondiging van die evangelie aan kinders, ook in die breëre gemeenskap.

Vanaf 2006 word nouer bande met Unika Laerskool gevestig. Sterk pogings word aangewend om die kinder- en- jeugbediening in die gemeente en gemeenskap te versterk. In 2008 is ds Riekie Wilken vir die doel aangestel en nadat sy na 'n ander gemeente beroep is, is ds Natalia Visagie as leraar bevestig.

Met die betrokkenheid van gemeentelede en die gemeenskap, word die Randburg Uitreik Trust (RUT) gedurende 2016 gestig. RUT ondersteun inisiatiewe in die breër gemeenskap wat die gemeente graag wil bevorder.

Die gemeente se langstaande betrokkenheid by sendelinge en evangeliste gaan voort en so ook die gemeente se betrokkenheid by Ekklesiapark. 'n Wesentlike finansiële bydra word ook gemaak vir 'n rings-inisiatief onder bestuur van Fontainebleau, naamlik die daarstelling van 'n gemeenskapsentrum in Cosmo City met die oog op gemeente stigting.

Aan die begin van 2018 aanvaar ds Natalia Visagie 'n beroep en Laerskool Unika besluit om 'n opvoedkundige sielkundige aan te stel eerder as 'n deeltydse predikant. Rondom hierdie tyd tref die demografiese en ekonomiese realiteite die gemeentes in die Ring van Linden. Gesprekke vind plaas met Lindenpark, Fontainebleau en Randburg gemeentes oor 'n pad vorentoe. Die gemeente en Lindenpark besluit om te onderhandel oor 'n toekomstige gemeente. Na aanvanklike entoesiasme en 'n intensiewe proses van ondersoeke, ontmoetings en onderhandeling, waarby gemeentelede deurgaans betrek is, beëindig Lindenpark onverwags teen einde Mei 2019 die samesmeltingsgesprek, maar stel voor dat ons by hulle kan inskakel.

Die gemeenteraad het besluit teen die inskakeling by Lindenpark. Die twee gemeentes het dus onafhanklik bly voortbestaan. Met die doel van die uitbouing van God se Koninkryk in ons gemeente en gemeenskap, maar ook om die opgewondenheid en deelname van gemeentelede te behou, besluit die gemeenteraad om steeds die visie van 'n "nuwe gemeente"

gestalte te gee. Die strategie is ‘n fokus op jeugbediening, ‘n betrokkenheid by skole, bejaardesorg en ‘n breëre gemeenskapsbetrokkenheid. Hierdie insiatiewe, asook ds Henning se naderende emeritaat op 31 Januarie 2020, dui op  die aanstelling van ‘n jonger predikant. Daar word besluit om ‘n nuwe volwaardige predikant te beroep en dat Ds Henning met ‘n kontrak-aanstelling sal voortgaan om ouer lidmate en die inwoners van Ekklesiapark te bedien. Dit kon slegs met die betrokkenheid van RUT bekostig word.

Daar word ook beluit om vir die “nuwe gemeente” ‘n nuwe naam en nuwe logo te gee. Op Sondag 21 Julie 2019 kies die gemeente Domus Dei Randburg-Suid as nuwe naam.

Ds Yolandi Kok tree op 1 April 2020 in diens, presies ses dae na die begin van die COVID-19 inperking. Deur harde werk gaan eredienste sonder onderbreking voort en dit word ook onmiddellik aanlyn uitgesaai. Kinder- en -jeugaktiwiteite word ook binne die beperkings met sukses voortgesit en uitgebrei.

‘n Skenker het vroeg in April 2020 ‘n donasie van R1miljoen aan RUT gemaak  vir die verligting van nood as gevolg van die COVID-19 pandemie. RUT het versoek dat lede van die Dagbestuur daarmee behulpsaam sal wees. Die noodfonds was dadelik in werking en verdere skenkings word ontvang. Teen Februarie 2023 was finansiële hulp van nagenoeg R1.2miljoen reeds vir noodverligting verleen.

Ds Henning en Sarie besluit om einde 2020 hulle kontrakte te beëndig. Hierop dui ds Yolandi aan dat sy voortaan sal verkies om self die bediening aan ouer mense te hanteer, maar eerder hulp by die jeugbediening sal verwelkom. Met ‘n hernude betrokkenheid by Laerskool Unika en kleuterskole, maak RUT se finansiële ondersteuning dit moontlik om Ingrid Harper op 1 Mei 2021 as jeugleier aan te stel. Die bediening aan kinders in verskillende ouderdomgroepe groei sterk en het ook ‘n invloed op gesinne wat by die gemeente inskakel. Teen die einde van 2023 het die beleidende lidmaatgetal gegroei tot ongeveer 363 en die doop lidmaatgetal tot ongeveer 125.















# Nuwe Uitdaging... NUWE ERA!

Oor die laaste 4 jaar het die gemeentelede aansienlik “verjonk”. Die huidige leierskorps weerspieël hierdie demografie en die Gemeenteraad en Dagbestuur bestaan uit jonger diverse en entoesiastiese leiers. Dit is hierdie nuwe generasie wat die gemeente wil gereedmaak vir nuwe groei wat God se genade en hoop vir die gemeente en veral vir die Randburg se gemeenskap wil bring.

Met groot opgewondenheid in Christus kyk die gemeente vorentoe na:

- Verdere groei in jeugaktiwiteite om nie net die Woord na die jeug te bring nie, maar in die proses hulle weerbaar te maak om die huidige uitdagings van die samelewing te kan hanteer. Ouerleiding en voorligting sal verder uitgebrei word.
- Groter betrokkenheid in die gemeenskap in vennootskap met RUT barmhartigheidsaksies vol te hou en verder uit te brei.
- Deurlopende betrokkenheid en ondersteuning vir Ekklesiapark en ander bejaardesorg.
- Fasiliteite beskikbaar te stel vir die groter Randburgse Gemeenskap, byvoorbeeld vir die Randburgse Simfonie Orkes, as eksamenlokale vir verskeie instansies, die Voortrekkers, ens.
- Saam te aanbid, saam te kuier, en God se ware koinonia met mekaar te deel.












# Die PROJEK

## Doelwit van die Projek

Oor die afgelope dekade (en langer) was die Gemeenteraad genoodsaak om alternatiewe bronne van inkomste te soek om die voortbestaan van die gemeente te verseker. Dit het daartoe gelei dat die gebouekompleks vir allerlei funksies en ander geleenthede ingespan is, o.a. as eksamenlokaal, vir klankopnames, oefenlokaal vir verskeie musikante en ook sosiale en groepsbyeenkomste. Hierdie geleentheid om die gebouekompleks meer effektief te benut en meer bemarkbaar te maak, vereis uiteraard dat geriewe en die nodige kapasiteit geskep word, sodat dit maklik toeganklik is en dat dit aan die nuutste veiligheidstandaarde voldoen.

Met ‘n sterk fokus op Gemeenskaps-gesins -en- familie bediening, is dit noodsaaklik om in ‘n onsekere sosio-ekonomies en politieke klimaat, ‘n veilige en standvastige hawe te bied vir lede van ons gemeenskap wat smag na die woord van die Here.


Deur die opknapping en uitbreiding van die gebouekompleks, kan die gemeenskap staatmaak op ons steun as ankerpunt en kan ons as Afrikaanse Christene, met trots God se Koninkryk hier op aarde vier en opbou.

Noodsaaklike instandhouding, die uitbreiding van die kapasiteit van damestoilette, toegang vir gestremdes, voldoening aan veranderde gesondheid- en veiligheid vereistes, en ook die inrigting van die eiendom om ons strategie van bediening aan gesinne, kinders en ouer mense te bevorder, is vir baie jare uitgestel. Dit was hoofsaaklik die gevolg van beperkte finansies, maar ook ‘n oortuiging dat uitgawes eerder moet fokus op die bediening self. Die punt is egter bereik waar dit onverantwoordelik sal wees om nie aan die gemeente se grootste materiële bate aandag te gee nie.





# Konstruksie **FASE PLAN**





9

# Finansiële **DOELWIT**

## Die finansiële doelwit word as volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Fase A+B | **R3 500 000** |
| Fase C+D | **R3 500 000** |
| Totaal | **R7 000 000** |

## Proporsionele aanwending van die fondse vir fases A en B en professionele fooie:

| | |
|---|---|
| Toegang vir gestremdes | **R 200 000.00** |
| Toilet opgradering (insluitend gestremdes) | **R 700 000.00** |
| Jeug - en- kinderfasiliteite in die saal | **R 400 000.00** |
| Onderhoud (Vensters, stoep, dak, vloere) | **R2 300 000.00** |
| Voorlopige uitgawes (Argitekte, konsultante, ens.) | **R 400 000.00** |

## Hoe raak ek betrokke?

Donasies: Op hierdie stadium is daar R2 miljoen bevestig vir die projek. Daar lê egter nog harde werk voor om die balans in te samel. Indien u 'n donasie wil maak kontak asseblief vir Roelf Grové 083 280 8101 direk vir meer inligting, of maak asseblief 'n donasie by enige van die volgende bankrekeninge.

## Gebruik asb DDBOUPROJEK as verwysing:

**FNB**
Domus Dei
Rek Nr: 63009966227

OF

**ABSA**
NG Kerk Tvl. Randburg
Rek Nr: 170580028

# Kontak **PERSONE**



**YOLANDI KOK**
*Leraar | Dagbestuur en Gemeenteraad*



**ALBERTUS LOMBAARD**
*Voorsitter | Dagbestuur en Gemeenteraad*



**ROELF GROVÉ**
*Onder-voorsitter | Dagbestuur en Gemeenteraad*



**MARIUS MEYER**
*Dagbestuur en Gemeenteraad*

# Projekbestuur




Roelf Grové • Albertus Lombaard • Wilhelm Crous
Marius Meyer • Bertus de Vos • Theo Ferreira (l-r)

# Gemeente **VISIE**

Ons is 'n geestelike tuiste, waarin ons in liefde en begrip na mekaar en die wêreld rondom ons omsien sodat ons 'n baken van geloof, hoop en liefde vir die wêreld is.

# Domus Dei **WAARDES**

**Ons waardes / Gewoontes wat ons inoefen**

**DISSIPELSKAP**
Gereelde afgesonderde tyd met God.

**INKLUSIEF**
Nooi ander na gemeente aktiwiteite.

**GASVRY**
Ons leer ander se name en stories ken.

**MULTI-GENERASIONEEL**
Ons bou verhoudings tussen verskillende generasie groepe.

**VERSORGING**
Ons bou mekaar op deur mekaar te dien met ons teenwoordigheid, diens en deur ons hulpbronne en gawes te deel.

**GETUIENIS**
Ons is betrokke in ons gemeenskap deur middel van vennootskappe. Ons deel die evangelie en verlig nood in ons omgewing.